Vegters teen Politieke Boelies

'n Ander perspektief op die politiek rondom 1994

Koot Jonker

Griffel

Geen deel van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer word of in enige vorm deur elektroniese, fotografiese of meganiee middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, vermikrofilming, via die internet of e-pos of enige stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Vegters teen politieke boelies
Uitgegee deur Griffel Media
www.griffel.co.za

Alle regte voorbehou
Kopiereg ©2008 Koot Jonker

ISBN 978-0-9814177-2-1

Bandontwerp: Herman Dorfling
Ontwerp: Griffel Media
Redakteur: Hendrik Venter
Gedruk en gebind deur IDS

Opgedra aan almal wat deel gehad het aan die stryd van die Vryheidsalliansie en spesifiek, die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika. In die besonder dra ek hierdie werk op aan my vrou, Annatjie, en my kinders, Lizet en Gustaaf, wat my deurentyd in 'n emosioneel uitputtende stryd onderskraag het.

Met eer en dank aan die God van die Bybel wat die geskiedenis van nasies en volke bepaal.

Besondere dank aan Marieka Visagé vir die proeflees van hierdie boek.

Inhoudsopgawe

Inleiding / 1
1 Missie van die Konserwatiewe Party (KP) / 5
2 Die Nasionale Party (NP) skeur / 11
3 Die stryd van die berge / 19
4 Referendum van 1983 / 23
5 Andries Petrus Treurnicht / 35
6 Noodtoestand: Swart rewolusie kry stoom / 43
7 Algemene Verkiesing van 1987 / 51
8 KP word bedreiging vir regering / 75
9 1989: Paleisrewolusie en algemene verkiesing / 89
10 ANC Ontban, Mandela vry / 107
11 KP in verset / 113
12 KP word grootste wit party / 125
13 Boerebloed vloei / 133
14 Potchefstroom maak geskiedenis / 149
15 Blitsreferendum van 1992 / 159
16 KP herbeplan en "skeur" / 173
17 Drama: Oorgawe-notule; Nuwe Politieke blok gevorm / 183
18 Die KP Mobiliseer / 197
19 Treurnicht sterf / 205
20 Hartzenberg word leier / 207
21 Woede, protes en Volksfront / 213
22 Die Vryheidsalliansie / 227
23 Oorlog / 235
24 IVP en KP byt nog vas / 245
25 Die KP faal / 251
26 Die kans van 'n leeftyd verspil / 257
27 KP probeer Afrikaner heel: Werk vir eenheid / 263
28 Ontgogel, ontredder, ontnugter / 273
29 Slotbeskouing / 287
Bronnelys / 291

Inleiding

"Die grootste roem in die wêreld, die roem van manne wat nooit oorgegee het nie." (Genl. Charles de Gaulle, voormalige Franse President en staatsman)

Die dramatiese regeringsoorname van die ANC/Cosatu/SAKP-alliansie in 1994 het gepaard gegaan met sowel die traumatiese verlies van die onafhanklikheid van die Afrikanervolk, Bophuthatswana, Ciskei, Transkei, as die verlies van die verworwe regte van die Zoeloes en ander volke en groepe in Suid-Afrika.

Hierdie stryd is voorafgegaan deur die hewigste broedertwis in die geskiedenis van die Afrikaner- en wit politiek van Suid-Afrika. Dit het aanvanklik gewoed tussen die regerende Nasionale Party (NP) en die Konserwatiewe Party (KP). Die KP (gestig in 1982) was vanaf 1987 tot 1994 die amptelike opposisie in die parlement. Dit het later uitgekristalliseer in 'n stryd tussen die KP en sy swart alliansievennote in die Vryheidsalliansie aan die een kant, teenoor die NP/ANC/SAKP-samewerking aan die ander kant.

Hierdie boek is die eerste poging om die bittere stryd tussen bogenoemde Afrikanergedrewe politieke partye te belig deur iemand wat ná aan die hart en die polsslag van die Konserwatiewe Party geleef en gewerk het. Dit vertel die ánder kant van 'n politieke verhaal. 'n Verhaal wat om watter duistere redes ook al deur die populêre media só verwronge aangebied was en word, dat baie Afrikaners niks daarvan weet of verstaan nie.

Die vryheidsgees van die Afrikaner, vanaf sy wordingsgeskiedenis, was nooit rasgedrewe nie. Dit is gebaseer op die Bybelse waarheid dat die vryheid 'n seën van die Here is en oorheersing 'n straf (vergelyk Deuteronomium 28). Die Groot Trek en die twee vryheidsoorloë van die Afrikaner was versetaksies teen Britse oorheersing. Soos wat dit in daardie jare niks met ras te make gehad het nie, net so min was die KP se stryd teen meerderheidsdominasie in die jare tagtig en negentig van die vorige eeu rasgedrewe. Die KP's van Suid-Afrika was die politieke verlengstuk van daardie Afrikaners in wie se harte en niere die vryheidsvlam, die onafhanklikheidsgees, oor honderde jare gebrand het. Hulle was gekant teen oorheersing, hetsy deur wit Britte of swart Afrikane.

Ongelukkig was die stryd van die Konserwatiewe Party en die latere Vryheidsalliansie nooit waarheidsgetrou deur die hoofstroommedia aangebied nie. Hulle het met doelbewuste misleiding, halwe waarhede en leuens die KP beswadder tot dié mate dat baie redelike mense nie met 'n tang aan die KP sou

wou vat nie. Die massamedia was nie altyd suksesvol nie, want teen 1992 het die KP, ná 'n rits skouspelagtige oorwinnings in parlementêre tussenverkiesings, homself (wonderbaarlik) as die sterkste wit politieke party in Suid-Afrika bewys. Daarmee het die KP die destydse regering tot 'n wit referendum in 1992 gedwing. Sodoende het die KP aan die wit kiesers van Suid-Afrika 'n laaste kans gebied om hulle uit te spreek oor die politieke toekoms van die land. Die afdwing van die 92-referendum verteenwoordig die KP se grootste triomf.

Hierdie boek is nie 'n party-politieke, 'n KP-boek, nie. Met die skryf hiervan was die KP geruime tyd reeds ter ruste gelê. Dit is ironies dat die NP en die KP, wat die politieke stryd in die jare tagtig en die vroeë jare negentig in Suid-Afrika oorheers het, kort ná mekaar van die toneel verdwyn het.

Dit is ook geen geskiedenisboek of akademiese verhandeling gerig op een of ander graad in die politieke wetenskap nie. Dit poog nie om skokkend of omstrede te wees nie en die skrywer spring nie tot wilde gevolgtrekkings nie. Die harde feite van die destydse politiek is skokkend en omstrede genoeg en aandikking is oorbodig. Die boek is doodgewoon 'n politieke strydskrif, geskryf deur 'n gewone Afrikaner op só 'n manier dat dit hopelik verbruikersvriendelik is vir meeste Afrikaanse lesers in ons land.

Dit handel oor die KP se stryd teen oorheersing of dominasie – 'n stryd wat hom op die politiek-staatkundige terrein afgespeel het. Standpunte soos ingeneem in dié boek, behalwe wanneer 'n spesifieke persoon aangehaal word, is dus die van die skrywer self. Die skrywer het egter gepoog om so min as moontlik van sy eie standpunte oor te dra en laat merendeels die KP se twee gewese hoofleiers, doktore Andries Treurnicht en Ferdi Hartzenberg, die praatwerk doen.

Volgens die skrywer word die politieke stryd van die tagtigs en die negentigs van die vorige eeu totaal eensydig en ongebalanseerd aangebied: asof dit 'n alleenstryd was tussen slegs twee hoofrolspelers, naamlik die NP en die ANC. Dit is onsin! Die stryd in die tagtigs was oorheers deur die KP en die NP. Die stryd in die vroeë jare negentig was oorheers deur die ANC en die NP aan die een kant en die Vryheidsalliansie aan die ander kant. Hierdie ander kant wie se rol bykans totaal verswyg word, wie se ondersteuners en leiers deur die hoofstroommedia gediskrediteer was.

In hierdie Alliansie het die Konserwatiewe Party 'n leidende rol gespeel. Die Vryheidsalliansie het vername swart rolspelers ingesluit, soos die leiers van drie voormalige swart onafhanklike state en 'n selfregerende staat. Die stryd teen ANC-dominasie het swart leiers van formaat ingesluit! Dit was nie 'n alleenstryd van 'n klompie "heethoofdige, onnosele, emosionele, regse, wit rassiste, wat onrealisties hersenskimme najaag", soos wat hoofstroommedia Suid-Afrikaners mee wou kondisioneer nie.

Die "onrealistiese jagters van hersenskimme" kan u gaan soek aan die ander kant van die politieke draad. Hulle is die naïewe mense wat voorgegee het

dat die "liberale demokrasie" van huisuit eintlik 'n unieke Afrika-produk is! Hulle het gevolglik betoog dat "die mees haalbare staatkundige oplossing vir Suid-Afrika, die veelparty, liberale demokrasie is". Dit is hulle wat ons veral in die laat jare tagtig en die vroeë jare negentig van die vorige eeu, tydig en ontydig, met die Mugabe-bewind en -bedeling in Zimbabwe gekonfronteer het: "Kyk net hoe goed gaan dit in Zimbabwe ... die wêreld se sportdeure en internasionale betrekkinge het vir Zimbabwe oopgegaan en die land is op die rand van grootse ekonomiese vooruitgang", of woorde met dieselfde effek.

Intussen het die "liberale demokrasie" in Zimbabwe krakend in duie gestort. Zimbabwe is deur sy despotiese President omskep in een van die armoedigste magstate ter wêreld, waarin bykans elke edele liberale beginsel in die Afrikastof gebyt het. Nie een van hierdie destydse drywers van liberalisme het intussen die moed van hul oortuiging gehad om hul medeverantwoordelikheid aan die hongersnood van miljoene Zimbabwiërs, te erken en verskoning te vra nie.

In Suid-Afrika het die ANC, ná die algemene verkiesing van 2004, oor meer as 70% van die kiesersteun beskik. Dit het hy behaal danksy sy beheer oor die SAUK (radio en televisie) en die intimidasie van politieke opponente in swart woongebiede. Met sy tweederdemeerderheid kan die ANC die Grondwet willekeurig wysig en gevolglik was Suid-Afrika was reeds in 2004 vir alle praktiese doeleindes 'n eenparty-dominante staat of skyndemokrasie.

Die KP se stryd was teen die liberale demokrasie, want die liberale demokrasie in die Suid-Afrika-situasie bring meerderheidsoorheersing teweeg. Om meerderheidsdominasie te voorkom was dit vir die KP nodig om 'n nasionale verkiesing of referendum te wen. Hierin het die KP nooit geslaag nie en oppervlakkig beskou het die KP gevolglik die "Derde Vryheidstryd van die Afrikaner" verloor. Maar in nie 'n enkele nasionale verkiesing of referendum het die regerende Nasionale Party dit aan die wit kiesers uitgespel dat hy hom beywer vir die totale magsverlies van die Afrikaner en ander volke nie. Agterna-praatjies van vrywillige Afrikaneroorgawe is bedrog. Ons is gewoon van ons vryheid beroof op die mees huigelagtige en bedrieglikste wyse.

Die KP, die Mantanzima-regering van die Transkei, die Sebe- en Gqozo-regerings van die Ciskei, die Mangope-regering van Bophuthatswana, die Venda-regering en die Buthelezi-regering se weerstand en verset teen die ANC-NP-gedrewe rewolusie is met geweld en intimidasie vernietig. Nie een van hulle is polities verslaan nie: almal is net verloën.

'n Gewese Amerikaanse staatsman en wetenskaplike, Benjamin Franklin, het by geleentheid gesê: "Wie sy vryheid laat vaar vir 'n bietjie veiligheid, verdien nóg die vryheid, nóg die veiligheid."

Die ironie is dat die onderdrukkende nuwe oorheersers op die Afrikaner afgeforseer is onder die slagkreet van: 'Vrede, veiligheid, voorspoed en geen rassediskriminasie!' – 'n belofte wat die NP-regering gereeld teenoor wit kiesers gemaak het. 'n Bestel "waarin niemand iemand domineer nie" en waarin

die fundamentele regte van minderheidsgroepe, "nie net met wigte nie, maar selfs ook met teenwigte verskans word", is beloof. Hiervan het net mooi dadels gekom.

Koot Jonker